# DIE KONINKRYK VAN GOD – 4

## Matthéüs 6:9 - 10

NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.

## TEMA: DIE WIL VAN GOD

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**-o0o-**

**Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;**
**Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die Aarde**

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

**Ter opsomming** van die voorafgaande lesings (Koninkryk 1, 2, 3), gaan ons terug na die skrifgedeelte in die **Onse Vader** ***laat u koninkryk kom;***

- Ons sien dat die Koninkryk van God, die Koninkryk van die hemel, gekom het in die vorm van die Hoeksteen.
- Dit is ontvang op die aarde, agter die maagdevlies. Dit het deurgebreek.
  - Christus het vir ons die versoening gebring.
  - Hy het ons in die Allerheiligste ingevat.
  - Hy het deur daardie maagdevlies beweeg, om ons in 'n perfekte verhouding met die Vader te bring.
  - *Dit is waarom die voorhangsel geskeur het van bo tot onder*.

  Die maagdevlies is ook 'n teken van die neutedop, die afsondering van die vloek van die wêreld.

- Alles wat die aarde voortbring, dra die vloek van die aarde.
- Die saad het **uit** die Koninkryk van die **hemel** gekom en is op die aarde gevestig, sodat dit vir ons die weg, die waarheid en die lewe kan vorm.
  - Hy is die eersgeborene in die opstanding, sodat Hy ons kan help en ons in 'n plek kan lei waar ons nie sou kon kom nie, want ons kom uit die aarde.
  - Hy het vir ons die pad, die geboortekanaal oopgemaak sodat ek en jy Hom kon volg en daardeur beweeg.

### 1. BINNEKAMER ONMOETING

**Matt 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

-o0o-

Nou kom Christus en sê: ***en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het***.

Soos ek reeds in die vorige lering gesê het, het God volgens Hebreërs 13 reeds vir ons alles gegee om Sy wil te doen. Ons het dit reeds voor die grondlegging van die wêreld gekry. Dit is alreeds met ons naam gekoppel en het alreeds met ons een geword. Die tafel is alreeds vir ons voorberei met alles wat nodig is, fisies en geestelik. Ek en jy moet net daarin funksioneer. Hoekom? Want ek en jy is die **boustene**.

- Christus was die hoeksteen.
- Ek en jy is die boustene.
    - Ons word nou die verteenwoordigers.
    - Ons word nou die lewende sendbriewe.

Ons word deur die Heilige Gees getransformeer en gevorm om soos 'n replika van die Hoeksteen te lyk. Ons het dieselfde sterkte, die regte krag, die regte hoeveelheid "sement en sand", die regte vorm. Ons lyk nie anders nie, ons lyk presies soos die oorspronklike voorbeeld, wat die Vader deur die Heilige Gees agter die maagdevlies gevorm het. Dit is waarom ek en jy in ons binnekamer moet gaan en daardie deur moet toemaak.

- Dit is weer die skeiding van die wêreld, sodat die Heilige Gees ons kan vorm. Dit is die baarmoeder.
- Dit is daardie binnekamer verhouding waar ons gevorm moet word na die perfekte beeld soos wat die Heilige Gees wil hê.
- Ons word nie gevorm volgens tradisies en godsdiens nie.

Ons moet die perfekte boustene wees, sodat die Vader ons deur Sy Gees in die nuwe tempel kan plaas en Sy Koninkryk kan vestig hier op aarde.

### Hoekom moet daar 'n Koninkryk van God op aarde gevestig word?

- God het Homself verbind met die aarde, want so lief het God die wêreld gehad en omdat die Vader 'n ewige plan het.

Sy plan lê nie hier nie. Hierdie is net 'n roete na Sy werklike plan. Die werklike plan, die uiteindelike lewe lê in die **ewigheid** – nie hier op aarde nie. Ons, as mense, moet besef dat hier op die aarde is dit net nog 'n paadjie wat ons moet loop. Die Bybel verduidelik die Koninkryk is nie van spys en drank nie, maar 'n Koninkryk van vrede en ewige blydskap in die Heilige Gees.

Die hemel, soos nou op hierdie stadium, is nie ons loon nie. Ek skok jou miskien vandag. Soveel mense sien daarna uit om hemel toe te gaan. Ja dit is reg, maar ons gaan slegs sewe jaar in die hemel bly, dan kom ons terug.

## 2. WEGRAPING

### i) Hoekom is die wegraping daar?

Ek is nou maar jammer vir die mense wat nie in die wegraping glo nie, maar die Bybel is vir my baie duidelik daaromtrent. Ek sê altyd, as jy agter wil bly, is dit reg, bly dan agter. Ek weet waar gaan ek heen. Die Bybel stel dit baie duidelik dat Christus gaan kom tot in die lug. Ons sal in 'n oogwink verander word en sal dan altyd met die Meester wees.

-o0o-

### ii) Waarvoor het God die Vader die wegraping beplan?

- Die wegraping is alleenlik daar omdat God die Vader vir die Woord 'n **loon belowe het voor die grondlegging van die wêreld.**

Toe Hy sy volkome raadsplan uitgelê het, het Hy vir Woord gesê dat Hy eendag <u>een van ons</u> (aardbewoners) sal moet word om versoening vir die aarde te bring. Die aarde kon nie vir homself versoening bring nie. Die Vader het vir Woord gesê dat Hy Hom as die rein heilige offer sal gee om weer te versoen met die aarde. As gevolg van die Woord se bereidwilligheid, sal die Vader uit hierdie Christendom, uit hierdie kinders van Hom wat Hy gaan opwek, 'n Bruid gee. Dit sal Sy loon wees. Hy sal vir ewig 'n vrou hê.

- Die wegraping is alleenlik daar, sodat *die Bruid uit die vervloeking en vuilheid van hierdie wêreld weggeneem kan word.* Sy kan dan saam met Hom één verklaar word in die wil van die Vader. Die Vader kan dan die eenwording van Christus en Sy Bruid wettiglik maak.

Die sewe jaar wegraping is soos die sewe dae "wedding chamber" waarin die Joodse bruid en bruidegom vir sewe dae ingaan.

## 3. <u>GETUIENIS</u>

Die idee dat die Here besig is om vir ons huise in die hemel te bou, is die grootste leuen op aarde! Dit bestaan nie!

Hy sê dat daar baie wonings in die huis van Sy Vader is. Die huise (wonings) wat Hy daar gaan bou, is die **geestelike bedieninge**. Dit is <u>funksies</u> in die liggaam van Christus Jesus. Hy sê dat hy gaan om vir ons plek voor te berei. Daardie plek wat hy voorberei, is die **plek aan Sy sy**. Dit is die getuienis op aarde.

- Die **water, die bloed en die Gees is getuienis**. Dit moet weer <u>terugvloei in Sy sy, tot binne in Sy hart,</u> om **een** te word met Hom.
- Jesus berei die plek vir ons voor terwyl Hy vir ons intree in die hemel.
- Die Heilige Gees is besig om op die aarde te werk om die Bruid voor te berei.
- Op 'n dag, as alles volkome gekom het, dan kom Hy om sy Bruid te kom haal en dan word sy en Hy saamgebind.

### i) 3de Tempel

Dit is nie waar dit stop nie.

- Die Bruid kom dan, volgens Openbaring 19, terug saam met Christus.
- Onthou, sy (die Bruid) is nou die **derde tempel** waarin die Heilige Gees dan vir ewig sal woon, volgens die boek Esegiël.
- Die Bruid is beklee met rein fyn linne. Sy het die wil van haar Vader gedoen.

Dit is waarom die Bybel sê dat ons nie vir onsself skatte op aarde bymekaar moet maak, waar mot en roes dit kan verniel nie. Ons moet vir onsself in die ewigheid bymekaar maak. Hoekom het God vir ons alles, soos geld, tyd, en huise gegee? Net vir een rede, sodat dit middele is tot die doel waarvoor God dit oorspronklik geskape het. Mense vat dit nou vir hulleself en bou hulle eie koninkryke. Dit is dieselfde prentjie van wat in die Paradys gebeur het.

- Die Bruid stel daarom nie belang in wat sy wil hê nie, maar om haar Bruidegom se behoeftes te vervul.
  - Sy was die uitbreiding van die Koninkryk van God op aarde gewees.

-o0o-

- Sy is die derde tempel wat opgerig is.
- Sy is die huis van God hier op aarde.

Daardie plek wat Hy vir ons voorberei, is in Sy **liggaam**. *Dit is om deel te word van die bediening wat Christus begin het in die bovertrek, toe Hy sê dat dit Sy liggaam is wat Hy vir ons breek en vir ons gee*.

### ii) Nuwe Jerusalem

Die nuwe Jerusalem is die Koninkryk van God.

Nou is ons, ek en jy, die Koninkryk van die God hier op aarde, maar dit kan nie hier stop nie, want daar is 'n ewigheid wat voorlê.

### iii) Wat moet hierdie Koninkryk van God doen op die aarde?

- Die duisternis moet vernietig en beheer word. Dit is wanneer die Bruid saam met die Lam sal terugkom, volgens Openbaring 19.
- Die dier, die Antichris, sal gebind word en in die poel van Gehenna, die poel van vuur, gewerp word. Ek glo dit is in die buitenste duisternis, soos die Bybel dit uitdruk.

### iv) Wanneer en waar word die nuwe Jerusalem gebou?

- Die nuwe Jerusalem word hier op aarde gebou.
- Dit is waarom die Bybel ons vergelyk met die tempel van Salomo, waar die klipkappers besig was om die klippe te kap. Die klipkappers was nie toegelaat om die klippe te kap waar die tempel gebou is nie. Dit moes vêr weg gekap word.
    - Dit is die vormingsproses, die transformasie proses, die perfekte embleem wat ons moet wees om soos Christus te lyk. *Dit is waarom ons op hierdie aarde nou deur die Heilige Gees gevorm word.*

Ons moet mekaar berispe en vermaan. Ons moet mekaar met die gawes bedien en reghelp. Dit is nie 'n "one man show nie". Dit is 'n liggaam saak hierdie, waar ons omsien na mekaar se behoeftes. Lees gerus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10), dan sal jy sien hoe die barmhartige Samaritaan omgesien het na 'n behoeftige beseerde. Die Leviet was daar, die priester was daar en die barmhartige Samaritaan was daar. Maar wie het aan die einde van die dag reg gedoen in die oë van die Here? Dit was die barmhartige Samaritaan.

- Hy het gedoen met God se goed wat God bepaal het hy moet doen, deur diensknegskap
- Hy het vir mense die omgee wat die Vader het, in Christus Jesus onse Here, gewys.
- Hy het die perfekte voorbeeld vir ons gestel.

Dit is die Koninkryk van God wat gebou word hier op aarde deur die Heilige Gees, soos dit vir ons oorspronklik beplan is en gemaak is. 'n Voorbeeld is vir ons gestel in die hoeksteen, wat vir ons gelê is, in Christus Jesus onse Here. Elkeen van ons het reeds alles ontvang wat ons nodig het, om hierdie perfekte wil van God elke dag van ons lewens te kan doen.

## 4. GOD SE WIL

**Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde**

Die Koninkryk van die hemel het af gekom aarde toe. Watter **wil** moet geskied? Soos dit in die hemele geskrywe is.

-o0o-

Dit is daardie boek wat geskrywe is oor my lewe, nie oor my broer of suster nie. Ek kan vir hulle bid, verstaan my reg, maar dit moet hier by my plaasvind.

"Here dat die wil van God vir my lewe tot vervulling sal kom, wat U oorspronklik vir my beplan het, soos ek gesien het in **Hebreërs. 13: 20 en 21** en soos ek gesien het in **Psalm 139** ***dae dat alles bepaal was*** toe geeneen nog bestaan het nie, sodat daardie dinge tot vervulling sal kom.

Laat U wil geskied soos dit in die hemele geskrywe staan Here, dat U Heilige Gees vir my sal help om te doen met dit wat ek ontvang het in hierdie lewe, nie om myself te verryk nie, nie om vir my 'n eie koninkryk te bou nie, nie om die vlees te versadig nie, want die Koninkryk van God is nie spys en drank nie maar dit is blydskap, vrede en al hierdie dinge. Dit is om in die wil van God te funksioneer met dit wat God vir my gegee het.

Laat U koninkryk kom laat, U wil geskied, soos dit in die hemele geskrywe is, so sal dit wees hier op die aarde".

-o0o-

Heb 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

Heb 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

Ps 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

-o0o-